- (f) mag die verbruiker nie enige apparaat, masjien of toestel op enige behandelde-uitvloeiwatertoevoerinstallasie gebruik of laat gebruik wat die behandelde-uitvloeiwatertoevoerstelsel, wat die meter insluit, beskadig of kan beskadig nie.

(4) Slegs die Stad kan:

- (a) 'n meter en sy verwante appaarte van die pyp waarin dit geïnstalleer is, ontkoppel;
- (b) 'n seël op 'n meter breek; of
- (c) op enige ander manier in 'n meter en sy verwante appaarte inmeng.

- (5) Enige persoon wat subartikel (4) hier bo oortree, moet die Stad met die koste van die hoeveelheid onregmatig verskafte behandelde uitvloeiwatervergoed.
- (6) Wanneer die okkupeerder van 'n perseel 'n lekplek in 'n dienspyp of op die kern van die meter of sy verwante apparate opmerk, moet hy/sy die Stad onmiddellik daarvan verwittig.
- (7) Indien gemagtigde amptenare toegang tot 'n meter geweier word wanneer hulle die meterlesing wil afneem, kan die direkteur: water en sanitasie:
- die verbruiker op die perseel deur skriftelike kennisgewing van die voorneme verwittig om 'n ander meter op die verbruiker se onkoste te installeer; en/of
 - 'n rekening lewer vir die hoeveelheid behandelde uitvloeiwatervat op sodanige perseel gebruik is, soos per die lesing op die geïnstalleerde meter.
- (8) Die eienaar van die perseel is aanspreeklik vir alle koste van die toevoerstelsel vir behandelde uitvloeiwatervan en verwante apparate, wat die meter insluit, in geval van skade weens nalatigheid of die installasie van verkeerde toebehore of toestelle.

Hoeveelheid verskafte behandelde uitvloeiwaterv

24. Ten einde vas te stel hoeveel behandelde uitvloeiwatervoor 'n bepaalde tydperk deur 'n meter verskaf is, moet daar, tensy teenbewys gelewer word, aanvaar word dat:

- dié hoeveelheid verteenwoordig word deur die verskil in meterlesings aan die begin en einde van sodanige tydperk;
- die meter gedurende sodanige tydperk korrek gelees het; en
- die korrekte inskrywings in die Stad se rekords gemaak is;

met dien verstande dat indien daar met 'n meter gepeuter is en behandelde uitvloeiwaterverskaf of gebruik word sonder dat dit eers deur 'n meter vloei, die direkteur: water en sanitasie se raming van sodanige hoeveelheid behandelde uitvloeiwatervas korrek beskou sal word.

Herverkoop van behandelde uitvloeiwaterv

25. (1) Geen persoon wat ingevolge hierdie verordening van behandelde uitvloeiwaterverskaf word, mag sodanige behandelde uitvloeiwatervverkoop nie, tensy:

- daar daarvoor voorsiening gemaak word in 'n ooreenkoms ingevolge artikel 13; of
- hy/sy vooraf- skriftelike toestemming van die direkteur: water en sanitasie bekom het.

(2) Indien die direkteur: water en sanitasie die toestemming verleen waarna daar in subartikel 1(b) hier bo verwys word, kan hy/sy die maksimum prys neerlê, soos deur die raad bepaal, waarteen die behandelde uitvloeiwatervverkoop mag word, en kan hy/sy sodanige ander voorwaardes oplê as wat nodig blyk te wees.

(3) Die toestemming ingevolge subartikel 1(b) hier bo kan weens versuim om aan die voorwaardes wat deur die direkteur: water en sanitasie opgelê is te voldoen, te eniger tyd teruggetrek word.

Raming van hoeveelheid behandelde uitvloeiwatervdeur onklaar meter aan kliënt verskaf

26. (1) Indien 'n meter onklaar blyk te wees, kan die direkteur: water en sanitasie 'n raming maak van die hoeveelheid behandelde uitvloeiwatervwat gedurende die tydperk wat sodanige meter onklaar was aan die betrokke verbruiker verskaf is, en wel op grond van die gemiddelde daaglikse hoeveelheid verskafte behandelde uitvloeiwatervoor:

- die tydperk tussen twee opeenvolgende meterlesings nadat die meter vervang is; of
- 'n tydperk in die vorige jaar wat met die tydperk wat die meter onklaar was, ooreenstem; of
- die tydperk tussen drie opeenvolgende meterlesings voordat die meter onklaar geraak het,

watter tydperk ook al na die direkteur: water en sanitasie se goeddunke die toepaslikste is.

(2) Indien die hoeveelheid behandelde uitvloeiwatervwat gedurende die tydperk wat die meter onklaar was aan die verbruiker verskaf is nie ingevolge subartikel (1) hier bo geraam kan word nie, kan die direkteur: water en sanitasie die raming op enige beskikbare grondslag maak.

(3) Die verbruiker moet in kennis gestel word van die metode wat die direkteur: water en sanitasie gebruik het om die hoeveelheid behandelde uitvloeiwatervaan die verbruiker verskaf is te raam, soos in subartikel (1) en (2) hier bo beoog, en moet voorts geleentheid ontvang om vertoë tot die direkteur: water en sanitasie te rig voordat daar op 'n finale raming besluit word.

Spesiale meting

27. (1) Indien die direkteur: water en sanitasie om enige ander rede as heffings vir verskafte behandelde uitvloeiwatervwil bepaal hoeveel behandelde uitvloeiwatervin 'n bepaalde gedeelte van 'n behandelde-uitvloeiwatervinstallasie gebruik word, kan hy/sy deur skriftelike kennisgewing die betrokke verbruiker van die voorneme verwittig om 'n metingstoestel op enige punt wat die direkteur: water en sanitasie in die behandelde-uitvloeiwatervinstallasie uitwys te installeer.

(2) Die installasie en verwydering van 'n metingstoestel waarna daar in subartikel (1) hier bo verwys word, sal op die Stad se onkoste geskied.

(3) Die bepalinge van artikel 23(3)(b) en 24(b) geld in soverre dit toepaslik is met betrekking tot 'n metingstoestel wat ingevolge subartikel (1) hier bo geïnstalleer is.

(4) Die Stad kan by ontvangs van 'n skriftelike kennisgewing van die verbruiker, en onderworpe aan 'n betaalreëling met betrekking tot die toepaslike voorgeskrewe heffing vir watermeters, die meter lees op 'n tyd of dag anders as dié waarop die meter gewoonlik gelees sou word, om te bepaal hoeveel behandelde uitvloeiwaterverskaf is.

Hoofstuk 3

Algemene vereistes vir behandelde-uitvloeiwaterinstallasies

Verskaffing en instandhouding van behandelde-uitvloeiwaterinstallasies

28. (1) 'n Verbruiker moet die behandelde-uitvloeiwaterinstallasie op eie onkoste verskaf en in stand hou, en moet verseker dat die installasie binne die grense van die betrokke perseel geleë is, buiten:

- (a) in die geval van koppeling aan 'n aansluitingspyp; of
- (b) waar toestemming ingevolge artikel 14 verleen is.

(2) Voordat werk met betrekking tot die instandhouding van 'n gedeelte van die behandelde-uitvloeiwaterinstallasie buite die grense van die perseel 'n aanvang neem, moet 'n verbruiker na gelang van omstandighede skriftelike toestemming van die direkteur: water en sanitasie, of die eienaar van die grond waarop sodanige gedeelte geleë is, bekom.

Aanvaarde pype en behandelde-uitvloeiwatertoebehore

29. (1) Geen persoon mag 'n pyp of behandelde-uitvloeiwatertoebehoorsel in 'n behandelde-uitvloeiwaterinstallasie installeer of gebruik nie, tensy dit ingevolge bylae 1 geskied.

(2) Nieteenstaande die bepaling van subartikel (1) hier bo, kan die direkteur: water en sanitasie vir 'n bepaalde doel in 'n bepaalde installasie die installasie of gebruik van 'n pyp of behandelde-uitvloeiwatertoebehoorsel toelaat wat nie by bylae 1 ingesluit is nie.

(3) Met betrekking tot enige pyp of behandelde-uitvloeiwatertoebehoorsel wat by bylae 1 ingesluit is, kan die direkteur: water en sanitasie enige sodanige voorwaardes oplê as wat hy/sy nodig kan ag met betrekking tot die gebruik of installasiemethode daarvan.

(4) Die direkteur: water en sanitasie kan te eniger tyd 'n pyp of behandelde-uitvloeiwatertoebehoorsel van bylae 1 verwyder indien die betrokke pyp of toebehoorsel nie meer geskik is vir die doel waarvoor die gebruik daarvan aanvanklik aanvaar of by die bylae ingesluit is nie.

(5) Die direkteur: water en sanitasie moet verseker dat afskrifte van bylae 1 gedurende werksure beskikbaar is by die kantoor van die Stad.

Tekens

30. (1) 'n Eienaar van 'n perseel waar behandelde uitvloeiwater gebruik word, moet verseker dat elke eindpunt-watertoebehoorsel en elke toestel wat behandelde uitvloeiwater verskaf of gebruik duidelik met 'n weerbestande teken gemerk is wat aandui dat sodanige water nie vir huishoudelike doeleindes geskik is nie.

(2) In 'n gebied waar behandelde rioolwater gebruik word, sal die verbruiker op opvallende plekke weerbestande tekens aanbring wat waarsku dat sodanige water nie vir huishoudelike doeleindes geskik is nie.

(3) Elke waarskuwingstekens wat ingevolge subartikel (1) en (2) hier bo voorgeskryf word, moet in die drie amptelike tale van die Stad wees.

(4) Tekens moet aan die minimum standarde van die Stad voldoen, soos in bylae 2 vervat.

(5) Opvallende tekens wat aandui dat behandelde uitvloeiwater gebruik word, moet só aangebring word dat dit duidelik van 'n openbare deurpad sigbaar is op plekke soos deur die Stad bepaal.

(6) Onderworpe aan nasionale of enige ander wetgewing, kan die direkteur: water en sanitasie bylae 2 by hierdie verordening vervang, en hersiene of nuwe tekenstandaarde met betrekking tot hierdie artikel uitreik.

Ontwerpmaatstawwe vir behandelde-uitvloeiwaterinstallasies

31. (1) 'n Verbruiker moet verseker dat:

- (a) behandelde-uitvloeiwaterinstallasies aan SANS 10252: 2004 deel 1, sowel as enige moontlike wysigings daaraan, voldoen; en
- (b) daar geen aansluitings tussen verskillende behandelde-uitvloeiwater- en drinkwatertoevoere bestaan nie.

(3) Indien 'n bepaalde pyp of behandelde-uitvloeiwatertoebehoorsel nie vir 'n bepaalde situasie geskik is nie, of indien enige aansluiting tussen verskillende behandelde-uitvloeiwater- en drinkwatertoevoere gemaak word, kan die direkteur: water en sanitasie deur skriftelike kennisgewing:

- (a) die eienaar verbied om sodanige pyp, toebehoorsel of aansluiting te gebruik; of
- (b) die eienaar opdrag gee om aanvaarbare beskermingsmaatreëls te tref.

(4) Geen persoon mag 'n behandelde-uitvloeiwatertoebehoorsel of -apparaat aan 'n behandelde-uitvloeiwaterinstallasie koppel wat as gevolg van drukstuwings die toevoerstelsel vir behandelde uitvloeiwater of enige ander waterinstallasie beskadig of waarskynlik sal beskadig nie.

(5) Persele wat sowel 'n behandelde-uitvloeiwater- as 'n drinkwatertoevoerskema benodig, moet aan onderstaande minimum standarde voldoen:

- (a) Waar sowel behandelde uitvloeiwater as drinkwater met afsonderlike pypleidings sonder enige tussenverbinding by 'n opgaartenk ingevoer moet word:
 - (i) behoort sodanige toevoere aan die bokant van sodanige opgaartenk geleë te wees, en moet dit met behulp van 'n hand- of vlotterklep beheer word;
 - (ii) moet die drinkwatervoorsieningspyp oor die rand van die tenk loop, nie deur die sywand daarvan nie en minstens 100mm bo die maksimum moontlike watervlak in die tenk, om te verseker dat daar altyd 'n luggaping is en geen terugvloei moontlik is nie; en
 - (iii) kan verspreiding vanuit die tenk met behulp van 'n pomp of ander verspreidingsstelsel geskied.
- (b) Toevoer na 'n besproeiingsstelsel of ander verspreidingsnetwerk kan met behulp van 'n oorskakelkamer geskied wat slegs een aansluiting op 'n keer deur 'n slapslanginstallasie toelaat.
- (c) Die slapslanginstallasie waarna daar in paragraaf (b) hier bo verwys word, sal onderstaande veiligheidsstelsels insluit:

- (i) Die verbinding tussen die slapslang en die afvoer- of afvloei-kant sal vas en nieverwyderbaar wees.
 - (ii) 'n Vakuumbreker-lugklep sal aan die afvoer- of afvloei-kant geïnstalleer word.
 - (iii) Die deksels van die kamer sal kan sluit om beheerde toegang moontlik te maak.
- (6) Die aansluitingsbesonderhede van die gekose standaard soos in subartikel (5) hier bo beskryf, moet vir goedkeuring by die direkteur: water en sanitasie ingedien word, en die goedgekeurde afskrif sal deel uitmaak van die ondertekende ooreenkoms in artikel 13.
- (7) Enige verbruiker met sowel 'n behandelde-uitvloeiwater- as 'n drinkwatertoevoer op die perseel, moet al die drinkwatertoeverpunte na die perseel met 'n kleinerdruksone- (RPZ-)terugslagklep ooreenkomstig SANS 10252-1: 2004 deel 1 toerus, en wel stroomaf van die isoleer-klep, wat op sy beurt stroomaf van die watermeter geleë is.
- (8) Die behandelde-uitvloeiwater-naespoorder van die Stad, met teks sowel as die SABS-goedgekeurde teken vir niedrinkbare water, moet geïnstalleer word:
- (a) oor die volle lengte van alle pypleiding, wat alle verspreidingspype op die eiendom insluit;
 - (b) direk oor die pypleiding; en
 - (c) tot en met 500mm onder grondvlak.
- (9) Alle onbedekte pypleiding sal oranje geverf en van 'n toepaslike ontwerp wees.

Hoofstuk 4

Gehalte van behandelde uitvloeiwater

Vrywaring met betrekking tot gehalte van behandelde uitvloeiwater

32. (1) Die Stad bied geen waarborg, hetsy uitdruklik of geïmpliseerd, vir die suiwerheid van enige behandelde uitvloeiwater wat dit verskaf, of vir die geskiktheid daarvan vir die doel waarvoor die toevoer toegestaan is nie.
- (2) Die gehalte van die behandelde uitvloeiwater kan wissel, welke veranderlike deur die verbruiker in aanmerking geneem moet word.
- (3) Die gebruik van behandelde uitvloeiwater geskied geheel en al op die verbruiker se risiko, en die Stad is nie aanspreeklik vir enige regstreekse of nieregstreekse voortvloeiende skade of verlies nie.
- (4) Die Stad staan onder geen verpligting om die gehalte van die behandelde uitvloeiwater te toets nie.
- (5) Indien 'n verbruiker die gehalteparameters verlang, moet hy/sy dit op eie onkoste laat ontleed, en berus dit by hom/haar om die gehalte van die verskafte water te monitor.

Regulasies van die departement waterwese en bosbou

33. Die kennisgewings uitgereik ingevolge artikel 39 van die Nasionale Waterwet, 1998 (nr. 36 van 1998) geld binne die regsgebied van die Stad.

Hoofstuk 5

Gesondheid en higiëne

Gids vir die toelaatbare aanwending van en wegdoening met behandelde rioolwater

34. (1) Die gids vir die toelaatbare aanwending van en wegdoening met behandelde rioolwater, soos in bylae 3 by hierdie verordening vervat, geld binne die regsgebied van die Stad.
- (2) Onderworpe aan nasionale of enige ander wetgewing, kan die direkteur: water en sanitasie bylae 3 by hierdie verordening vervang, en 'n hersiene of nuwe gids met betrekking tot hierdie artikel uitreik.

Hoofstuk 6

Goedkeuring van planne

Vereiste goedkeuring van planne

35. Indien 'n verbruiker 'n nuwe behandelde-uitvloeiwaterinstallasie wil installeer, moet hy/sy ingevolge toepaslike wetgewing eers skriftelike goedkeuring vir die bouplan vir sodanige installasie bekom.

Hoofstuk 7

Installasies deur loodgieters

Persone by magte om installasie- en ander werk te verrig

36. (1) Geen persoon sonder die nodige kwalifikasies en akkreditasie ingevolge die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid, 1995 (nr. 58 van 1995) mag installasiewerk verrig waarvoor daar ingevolge artikel 35 hier bo toestemming vereis word nie.
- (2) Die direkteur: water en sanitasie kan 'n register van sodanig gekwalifiseerde loodgieters hou.

Verantwoordelikhede van 'n eiendomseienaar/verbruiker

37. (1) 'n Eiendomseienaar of verbruiker moet verseker dat die installasiewerk wat op sy/haar perseel verrig word, deur 'n gekwalifiseerde loodgieter uitgevoer word en aan hierdie verordening voldoen.

(2) Indien installasiewerk in stryd met artikel 36 uitgevoer word, kan die direkteur: water en sanitasie deur skriftelike kennisgewing die eienaar van die perseel versoek om sodanige werk te staak totdat hy/sy 'n gekwalifiseerde loodgieter aangestel het om:

- (a) sodanige werk te inspekteer en enige deel daarvan reg te stel wat nie aan hierdie verordening voldoen nie; en
- (b) te verseker dat 'n nakomingsertifikaat, wat bevestig dat die betrokke werk aan hierdie verordening voldoen, by die direkteur: water en sanitasie ingedien word.

Hoofstuk 8

Goeie gebruikspraktyk

Bestuur

38. 'n Verbruiker behoort die verantwoordelikheid vir die gebruik van behandelde uitvloeiwatertoe te vertrou wat oor geskikte kwalifikasies beskik om sodanige gebruik te bestuur.

Oortredings en strafmaatreëls

39. (1) Enige persoon wat:

- (a) enige bepaling van hierdie verordening oortree;
- (b) versuim om aan die bepalings van enige kennisgewing te voldoen wat ingevolge hierdie verordening uitgereik word;
- (c) 'n raadslid of werknemer of kontrakteur van die raad dreig, teëstaan, verhinder of belemmer, of wat vuil, skel- of beledigende taal teenoor 'n raadslid of werknemer of kontrakteur van die raad gebruik wanneer die raadslid of werknemer of kontrakteur van die raad ingevolge hierdie verordening sy/haar magte uitoefen of pligte uitvoer; of wat hom/haar valslik as raadslid of werknemer of kontrakteur van die raad voordoen,

sal skuldig wees aan 'n oortreding, en sal by skuldigbevinding strafbaar wees met tronkstraf, 'n boete, of sowel tronkstraf as 'n boete.

Vrywaring

40. Die raad sal nie aanspreeklik wees vir enige skade of vergoeding wat ontstaan vanweë enige optrede in goeder trou in die loop van die toepassing van hierdie verordening nie.

Appelle

41. 'n Persoon wie se regte deur 'n besluit ingevolge 'n gedelegeerde of gesubdelegeerde bevoegdheid of plig ooreenkomstig hierdie verordening geraak word, kan ingevolge artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (nr. 32 van 2000) teen sodanige besluit appelleer.

Bylae 1

Aanvaarde pype en toebehore

1. Die pypmateriaal wat vir behandelde uitvloeiwatertoe gebruik word, moet oranje wees om maklik van die pypmateriaal vir drinkwater onderskei te kan word.
2. Die krane, kleppe en sproeiërs van die besproeiingstelsel moet só ontwerp wees dat slegs gemagtigde persone dit kan oopmaak of in werking stel.
3. Pype en toebehore moet oor die standaardiseringsmerk van die SABS beskik wat die SABS met betrekking tot die tersaaklike SANS-spesifikasie uitgereik het.
4. Pype en toebehore moet oor 'n SABS-sertifiseringsmerk beskik wat bevestig dat die pyp of behandelde-uitvloeiwatertoebehoorsel aan 'n SABS-merkspesifikasie of 'n voorlopige SABS-spesifikasie voldoen, met dien verstande dat geen sertifiseringsmerk vir langer as twee jaar sal geld nie.

Bylae 2

Tekens



Irrigation notice

THESE PREMISES ARE IRRIGATED WITH TREATED WASTEWATER WHICH IS NOT SUITABLE FOR HUMAN CONSUMPTION.

ISaziso esingokuNkcenkeshela


LE NDAWO INKENCESHELWA NGAMANZI ASELE ESETYENZISIWE ACOCIWEYO EKUNGAFANELEKANGA UKUBA ASELWE/ASETYENZISWE LULUNTU.

Besproeiingsteken

HIERDIE PERSEEL WORD MET BEHANDELDE AFVALWATER BESPROEI WAT NIE VIR MENSLIKE GEBRUIK GESKIK IS NIE.

Bylae 3

Gids: Toelaatbare aanwending van en wegdoening met behandelde rioolwater



VERWYSING: 11/2/5/3

30 MEI 1978

GIDS: TOELAATBARE AANWENDING VAN EN WEGDOENING MET BEHANDELDE RIOOLWATER

Hierdie gids lê die huidige beleid van die departement neer, en vervang alle vorige tersaaklike gidse. Enige persoon wat voornemens is om behandelde uitvloeiwatert te gebruik, moet vooraftoestemming daarvoor van die betrokke streeksdirekteur bekom.

Hierdie gids is slegs van toepassing op behandelde rioolwater uit hoofsaaklik huishoudelike bronne sonder enige noemenswaardige nywerheidsuitvloeiisel.

Die streeksdirekteur is by magte om, in die lig van spesiale omstandighede in bepaalde gevalle, die vereistes hierin neergelê te verslap, of om bykomende of strengere vereistes op te lê.

Hierdie gids omskryf onderstaande:

- Die klassifikasie van behandelde uitvloeiwatert
- Direktiewe vir die gebruik van behandelde uitvloeiwatert vir besproeiing
- Direktiewe vir ander gebruike van behandelde uitvloeiwatert
- Metodes vir die wegdoening met en afvoer van behandelde uitvloeiwatert
- Algemene direktiewe en voorsorgmaatreëls

KLASSIFIKASIE VAN BEHANDELDE UITVLOEIWATER (RIOOLSUIWERINGSAANLEGTE)		A
<p>PS-PRIMERE EN SEKONDÊRE BEHANDELING-HUMUSTENK-UITVLOEIWATER</p> <p>Konvensionele rioolsuiwering aan die hand van aanvaarde ontwerpmaatstawwe.# Dit sluit sifting en primêre afsakking in, gevolg deur biologiese suiwering, soos die biologiese-filtreerbedproses of die geaktiveerde-slykproses. Sekondêre behandeling sluit ook afsakking of verheldering ná biologiese of alternatiewe suiweringsmetodes in.</p> <p>PST-PRIMERE, SEKONDÊRE EN TERSIÊRE BEHANDELING</p> <p>Eindpunt-uitvloeiwatert voldoen aan die ALGEMENE STANDAARD,* met die E. coli-telling verslap tot 'n maksimum van 1 000 E. coli/100ml. Bo en behalwe bogenoemde primêre en sekondêre of gelykstaande behandeling, behoort een of meer tersiêre behandelings, bv. grondbehandeling, verouderingsdamme, filtrasie, chloorbehandeling of ander soorte ontsmetting, toegepas te word.</p> <p>STD-PRIMÊRE, SEKONDÊRE EN TERSIÊRE BEHANDELING (Vergelyk met PST)</p> <p>Eindpunt-uitvloeiwatert voldoen aan die ALGEMENE STANDAARD,* d.w.s. onder andere NUL E. coli/100ml.</p> <p>SP-STD-GEVORDERDE SUIWERING</p> <p>Eindpunt-uitvloeiwatert voldoen aan minstens die SPESIALE STANDAARD,* en die gehalte daarvan vergelyk goed met dié van drinkwater. Bo en behalwe bogenoemde primêre, sekondêre en tersiêre behandeling, sluit gevorderde suiwering ook spesiale fisiko-chemiese suiwering of ander gevorderde tegnieke in.</p>	<p>OD-OKSIDASIEDAMSTELSEL</p> <p>Eindpunt-uitvloeiwatert bevat 'n maksimum van 1 000 E. coli/100ml. Die damstelsel behoort volgens 'n erkende standaard # ontwerp te word, en moet plaagvry bedryf word. Die gesamentlike retensietyd van die hoofdam en ongeveer vier sekondêre damme behoort minstens 45 dae te wees. Hierdie stelsel behoort in 'n besproeiingsdam uit te loop waarvan die reserwebergingsvermoë gedurende droë weersomstandighede minstens 12 dae is. Tensy voldoende ruimte beskikbaar is en die damme ver genoeg van beboude gebiede is, word hierdie stelsel nie vir gemeenskappe met 'n bevolkingstal van meer as 5 000 aanbeveel nie. Elke oksidasiedamstelsel wat nie uitvloeiwatert van bostaande gehalte kan lewer nie, behoort vir die doel van hierdie gids op meriete as gelykstaande aan PS-gehalte beskou te word.</p> <p>VERTEERPUTWATER (Primêre afsakking en beperkte biologiese suiwering)</p> <p>Hierdie uitvloeiwatert moet verdere sekondêre en tersiêre of gelykstaande behandeling ondergaan voordat dit vir die doel soos in hierdie gids vervat, aangewend kan word.</p> <p>Vir direkte gebruik of wegdoening, sal slegs plaagvrye grondbehandelingsbesproeiing</p> <p>van omheinde plantasies op meriete toegelaat word.</p>	

***ALGEMENE EN SPESIALE STANDAARD**

Gehaltevereistes vir gesuiwerde rioolwater soos neergelê deur die departement waterwese-sien Regerings- kennisgewing R553 in Buitengewone Staatskoerant van April 1962, en enige wysigings daaraan. (E. coli = tipesie fekale coli)

#ONTWERPMAATSTAWWE

Ontwerpmaatstawwe soos dié neergelê in die gids vir die ontwerp van rooilsuiveringsaanlegte van die Instituut vir Waterbesoedelingsbeheer, Suider-Afrikaanse tak (November 1973)

BOSTAANDE KLASSIFIKASIE VAN BEHANDELDE UITVLOEIWATER WORD IN DIE VOLGENDE TABEL GEBRUIK.

DIREKTIEWE VIR DIE GEBRUIK VAN BEHANDELDE UITVLOEIWATER VIR BESPROEIING						B
BESPROEIING VAN	PS-PRIMER EN SEKONDER	PST-PRIMER, SEKONDER EN TERSIER	STD-ALGEMENE STANDAARD	SP-STD-GEVORDERDE SUIWERING	OD-OKSIDASIED-AMSTELSEL	
1	<ul style="list-style-type: none"> GROENTE EN GEWASSE WAT ROU DEUR MENSE INGENEEM WORD (WAT NR. 3 UITSLUIT) GRASPERKE BY SWEMBADDENS, KLEUTERSKOLE, SPEELPARKE 	<ul style="list-style-type: none"> VERBODE 	<ul style="list-style-type: none"> VERBODE 	<ul style="list-style-type: none"> VERBODE 	<ul style="list-style-type: none"> ENIGE SOORT BESPROEIING TOELAATBAAR 	<ul style="list-style-type: none"> VERBODE
2	<ul style="list-style-type: none"> GEWASSE VIR MENSLIKE GEBRUIK WAT NIE ROU INGENEEM WORD NIE (GROENTE, VRUGTE, SUIKERRIET) KWEEK VAN SNYBLOMME (SIEN OOK NR. 6) 	<ul style="list-style-type: none"> VERBODE 	<ul style="list-style-type: none"> ENIGE SOORT BESPROEIING TOELAATBAAR DOELTREFFENDE DREINERING EN DROGING VOOR OESTING NOODSAAKLIK 	<ul style="list-style-type: none"> ENIGE SOORT BESPROEIING TOELAATBAAR 	<ul style="list-style-type: none"> ENIGE SOORT BESPROEIING TOELAATBAAR 	<ul style="list-style-type: none"> ENIGE SOORT BESPROEIING TOELAATBAAR OP MERIETE DOELTREFFENDE DREINERING EN DROGING VOOR OESTING NOODSAAKLIK
3	<ul style="list-style-type: none"> VRUGTEBOME EN WINGERDE: VIR DIE VERBOUING VAN VRUGTE WAT ROU DEUR MENSE INGENEEM WORD (SIEN NR. 2-VRUGTE WAT NIE ROU INGENEEM WORD NIE) 	<ul style="list-style-type: none"> VERBODE 	<ul style="list-style-type: none"> VLOEDBESPROEING TOELAATBAAR DRUP- EN MIKRO-BESPROEING TOELAATBAAR OP MERIETE, MITS VRUGTE NIE DIREK AAN SPROEI BLOOTGESTEL WORD NIE DOELTREFFENDE DREINERING EN DROGING VOOR OESTING VRUGTE WAT AFVAL, IS NIE VIR MENSLIKE GEBRUIK GESKIK NIE 	<ul style="list-style-type: none"> ENIGE SOORT BESPROEIING TOELAATBAAR 	<ul style="list-style-type: none"> ENIGE SOORT BESPROEIING TOELAATBAAR 	<ul style="list-style-type: none"> DRUP- EN MIKRO-BESPROEING TOELAATBAAR OP MERIETE, MITS VRUGTE NIE DIREK AAN SPROEI BLOOTGESTEL WORD NIE DOELTREFFENDE DREINERING EN DROGING VOOR OESTING VRUGTE WAT AFVAL, IS NIE VIR MENSLIKE GEBRUIK GESKIK NIE
4	<ul style="list-style-type: none"> WEIVELD VIR BEESTE, WAT MELKDIERE UITSLUIT (SIEN NR. 5) 	<ul style="list-style-type: none"> VERBODE 	<ul style="list-style-type: none"> ENIGE SOORT BESPROEIING TOELAATBAAR, MAAR NIE GEDURENDE WEIDING NIE WEIDING SLEGS TOELAATBAAR NA DOELTREFFENDE DREINERING EN DROGING-GEEN WATERPOELE VERBODE AS DRINKWATER VIR DIERE 	<ul style="list-style-type: none"> ENIGE SOORT BESPROEIING TOELAATBAAR TOELAATBAAR AS DRINKWATER VIR DIERE 	<ul style="list-style-type: none"> ENIGE SOORT BESPROEIING TOELAATBAAR TOELAATBAAR AS DRINKWATER VIR DIERE 	<ul style="list-style-type: none"> ENIGE SOORT BESPROEIING TOELAATBAAR, MAAR NIE GEDURENDE WEIDING NIE WEIDING SLEGS TOELAATBAAR NA DOELTREFFENDE DREINERING EN DROGING-GEEN WATERPOELE VERBODE AS DRINKWATER VIR DIERE
5	<ul style="list-style-type: none"> WEIVELD VIR MELKDIERE (OMSKRYWING VAN MELK-ARTIKEL I(XV) VAN DIE GESONDHEIDSWET, 1977 (NR. 63 VAN 1977)) 	<ul style="list-style-type: none"> VERBODE 	<ul style="list-style-type: none"> VERBODE 	<ul style="list-style-type: none"> ENIGE SOORT BESPROEIING TOELAATBAAR TOELAATBAAR AS DRINKWATER VIR DIERE 	<ul style="list-style-type: none"> ENIGE SOORT BESPROEIING TOELAATBAAR TOELAATBAAR AS DRINKWATER VIR DIERE 	<ul style="list-style-type: none"> VERBODE

BESPROEING VAN	PS-PRIMER EN SEKONDER	PST-PRIMER, SEKONDER EN TERSIER	STD-ALGEMENE STANDAARD	SP-STD-GEVORDERDE SUIWERING	OD-OKSIDASIED-AMSTELSEL
<p>6</p> <ul style="list-style-type: none"> • GEWASSE: NIE VIR WEIVELD NIE, MAAR VIR DROE VOER • GEWASSE SLEGS VIR SAADDOELEINDES VERBOU • BOOMPLANTASIES • KWEKERYE-WAT SNYBLOMME UITSLUIT (SIEN NR. 2) <p>ENIGE PARK OF SPORTVELD, SLEGS TEN TYDE VAN ONTWIKKELING EN VOOR AMPTELIKE OPENING</p>	<ul style="list-style-type: none"> • ENIGE SOORT BESPROEING TOELAATBAAR OP MERIETE • OORBESPROEING OF WATERPOEL-VORMING VERBODE • GEEN REUKSTEURNIS • BEHOORLIK OMHEIN • OPENBARE TOEGANG VERBODE • GEEN VLEIS- EN MELKDIERE OF PLUIMVEE TOEGELAAT 	<ul style="list-style-type: none"> • ENIGE SOORT BESPROEING TOELAATBAAR (SIEN OOK NR. 4 EN 5) 	<ul style="list-style-type: none"> • ENIGE SOORT BESPROEING TOELAATBAAR 	<ul style="list-style-type: none"> • ENIGE SOORT BESPROEING TOELAATBAAR 	<ul style="list-style-type: none"> • ENIGE SOORT BESPROEING TOELAATBAAR (SIEN OOK NR. 4 EN 5)
<p>7</p> <ul style="list-style-type: none"> • PARKE EN SPORTVELDE (SIEN NR. 6) • GRASPERKE BY SWEMBADDENS UITGESLUIT (SIEN NR. 1) • (i) PARKE, SLEGS VIR VERFRAAIENDE BLOMBEDDINGS, VERKEER-SEILANDE, ENS.–D.W.S. NIE IN ONTSPANNINGS-GEBIEDE NIE • (ii) SPORTVELDE MET BEPERKTE KONTAK MET OPPERVLAK, BV. GHOLFBANE, KRIEKET-, HOKKIE- EN SOKKERVERDELDE, ENS. 	<ul style="list-style-type: none"> • SLEGS VLOED-BESPROEING TOELAATBAAR • SPRINKEL-BESPROEING VERBODE • OPENBARE TOEGANG VERBODE • GEDURENDE BESPROEING • VERBODE 	<ul style="list-style-type: none"> • VLOEDBESPROEING TOELAATBAAR • SPRINKEL-BESPROEING TOELAATBAAR OP MERIETE • OPENBARE TOEGANG VERBODE • GEDURENDE BESPROEING • ENIGE SOORT BESPROEING TOELAATBAAR • OORBESPROEING EN WATERPOEL-VORMING VERBODE • GEEN TOEGANG VIR PUBLIEK OF SPELERS GEDURENDE BESPROEING • PUBLIEK EN/OF SPELERS SLEGS TOEGELAAT NA DOELTREFFENDE DREINERING EN DROGING 	<ul style="list-style-type: none"> • ENIGE SOORT BESPROEING TOELAATBAAR • OPENBARE TOEGANG VERBODE • GEDURENDE BESPROEING • ENIGE SOORT BESPROEING TOELAATBAAR • OORBESPROEING EN WATERPOEL-VORMING VERBODE • GEEN TOEGANG VIR PUBLIEK EN/OF SPELERS GEDURENDE BESPROEING 	<ul style="list-style-type: none"> • ENIGE SOORT BESPROEING TOELAATBAAR • ENIGE SOORT BESPROEING TOELAATBAAR • GEEN TOEGANG VIR PUBLIEK EN/OF SPELERS GEDURENDE BESPROEING 	<ul style="list-style-type: none"> • VLOED-BESPROEING TOELAATBAAR • SPRINKEL-BESPROEING TOELAATBAAR OP MERIETE • OPENBARE TOEGANG VERBODE • GEDURENDE BESPROEING • VLOEDBESPROEING TOELAATBAAR • SPRINKEL-BESPROEING TOELAATBAAR OP MERIETE • OORBESPROEING EN WATERPOEL-VORMING VERBODE • GEEN TOEGANG VIR PUBLIEK EN/OF SPELERS GEDURENDE BESPROEING • PUBLIEK EN/OF SPELERS SLEGS TOEGELAAT NA DOELTREFFENDE DREINERING EN DROGING
<ul style="list-style-type: none"> • (iii) SPORTVELDE MET GEREELDE KONTAK MET OPPERVLAK, BV. RUGBYVELDE, ATLETIEKBANE, ENS. • SKOOLTERREINE • OPENBARE PARKE-SPEZIALE SPEELPARKE UITGESLUIT (SIEN NR. 1) 	<ul style="list-style-type: none"> • VERBODE 	<ul style="list-style-type: none"> • VLOEDBESPROEING TOELAATBAAR • SPRINKEL-BESPROEING TOELAATBAAR OP MERIETE • OORBESPROEING EN WATERPOELVORMING VERBODE 	<ul style="list-style-type: none"> • ENIGE SOORT BESPROEING TOELAATBAAR • OORBESPROEING EN WATERPOEL-VORMING VERBODE 	<ul style="list-style-type: none"> • ENIGE SOORT BESPROEING TOELAATBAAR 	<ul style="list-style-type: none"> • SLEGS VLOED-BESPROEING TOELAATBAAR • SPRINKEL-BESPROEING VERBODE • OORBESPROEING EN WATERPOEL-VORMING VERBODE
		<ul style="list-style-type: none"> • GEEN TOEGANG VIR PUBLIEK EN SPELERS GEDURENDE BESPROEING • PUBLIEK EN/OF SPELERS SLEGS TOEGELAAT NA DOELTREFFENDE DREINERING EN DROGING 			

BESPROEING--ALGEMENE OPMERKINGS EN VOORSORGMAATREËLS	
(a) Ten einde betyds te voorkom dat die besproeiingstelsel 'n steurnis veroorsaak, moet bewyse aangevoer word dat die soort grond, die grootte van die oppervlak, en die betrokke soort gewas geskik is vir besproeiing met die voorgestelde hoeveelheid en gehalte uitvloeiwat.	(e) Die frase "ná doeltreffende dreinerig en droging" in bostaande tabel beteken dat die bepaalde handeling slegs mag plaasvind wanneer geen waterpoele of -druppels meer in die betrokke besproeiingsgebied voorkom nie.
(b) Die pypmateriaal wat vir uitvloeiwat gebruik word, moet in kleur, materiaalsoort en formaat van die pypmateriaal vir drinkwat onderskei kan word. Hierdie voorsorgmaatreël is nodig ten einde onvoorsiene kruiskoppeling van pype te voorkom.	(f) Alle maontlike voorsorgmaatreëls behoort getref te word om te verseker dat geen oppervlak- of grondwat deur die besproeiingswat besmet word nie, veral waar laasgenoemde nie aan die algemene standaard voldoen nie. Uitermatige besproeiing moet voorkom word, en die besproeiingsgebied moet met behulp van toepaslike kontoere en afskeringsmure teen stormwat beskerm word.
(c) Ten einde te voorkom dat persone onwetend uitvloeiwat drink of daarmee was, moet die krane, kleppe en sproeiers van die besproeiingstelsel só ontwerp word dat slegs gemagtigde persone dit kan oopmaak en in werking stel.	(g) Sprinkelbesproeiing sal slegs toegelaat word indien geen sproei na gebiede oorgewaa word waar sodanige besproeiing verbode is nie. In hierdie verband moet die gehalte van die uitvloeiwat, die doel waarvoor sodanige aanliggende gebied gebruik word, en die aanliggende gebied se afstand van die besproeiingsgebied in aanmerking geneem word voordat sprinkelbesproeiing toegelaat word.
(d) Elke watpunt waar oningeligte persone maontlik uitvloeiwat kan drink, moet oor 'n teken in duidelik leesbare Engels, Afrikaans en enige ander toepaslike amptelike tale beskik wat waarsku dat dit maontlik gevaarlik is om die wat te drink.	

DIREKTIEWE VIR ANDER GEBRUIKE VAN BEHANDELDE UITVLOEIWATER						C
ANDER GEBRUIKE VAN UITVLOEIWATER	PS-PRIMÊR EN SEKONDÊR	PST-PRIMÊR, SEKONDÊR EN TERSIER	STD-ALGEMENE STANDAARD	SP-STD-GEVORDERDE SUIWERING	OD-OKSIDASIE-DAMSTELSEL	
• NYWERHEIDS- EN DIVERSE GEBRUIKE NIE HIER BO GENOEM NIE	• SLEGS IN UITSONDERLIKE GEVALLE TOELAATBAAR OP MERIETE	• ELKE GEVAL SAL OP MERIETE HANTEER WORD. • DIE KLEM SAL OP DIE E. COLI-TELLING VAL. • IN DIE ALGEMEEN MOET DIE UITVLOEIWATER VRY WEES VAN PARASITIESE OVA, PATOGENIESE ORGANISMES, TOKSIESE STOWWE, ENS.			SLEGS IN UITSONDERLIKE GEVALLE TOELAATBAAR OP MERIETE	
• VOEDSEL-BEDRYF (OOK VERKOEL-WATER)	• VERBODE	• VERBODE	• VERBODE	• VERBODE	• VERBODE	
• MYNE EN NYWERHEDE: ERTS-BEHANDELING, STOFBEHEER, ENS.	• SLEGS IN UITSONDERLIKE GEVALLE TOELAATBAAR OP MERIETE	• TOELAATBAAR OP MERIETE, MITS MENSLIKE KONTAK UITGESLUIT WORD.	• TOELAATBAAR	• TOELAATBAAR	• SLEGS IN UITSONDERLIKE GEVALLE TOELAATBAAR OP MERIETE	
		• ALLE KRANE EN WATERTAPPUNTE IN DIE VERSPREIDINGSTELSEL VIR UITVLOEIWATER MOET MET DUIDELIK LEESBARE TEKENS IN ENGELS, AFRIKAANS EN ENIGE ANDER TOEPASLIKE AMPTELIKE TALE GEMERK WORD WAT AANDUI DAT DIE WATER <u>NIE</u> VIR MENSLIKE GEBRUIK GESKIK IS NIE.				
• MENSLIKE WAS-DOELEINDES	• VERBODE	• VERBODE	• VERBODE	• TOELAATBAAR OP MERIETE • DUIDELIK LEESBARE TEKENS MOET AANGEBRING WORD WAT AANDUI DAT DIE WATER NIE VIR MENSLIKE GEBRUIK OF VOEDSEL-VOORBEREIDING GESKIK IS NIE.	• VERBODE	
• SPOELTOILETTE	• VERBODE	• TOELAATBAAR OP MERIETE • TEN EINDE DIE GEBRUIK VAN UITVLOEIWATER VIR ONGEMAGTIGDE DOELEINDES TE VOORKOM, SAL GEEN ANDER TAPKRANE AAN HOOFUITVLOEI-WATERPYPE GEKOPPEL WORD NIE.			• VERBODE	
• STOFBEHEER OP PAAIE	• VERBODE	• TOELAATBAAR • UITERMATIGE SPROEI EN POELVORMING MOET VOORKOM WORD. • GEEN OPPERVAK- OF GRONDWATER MAG BESOEDEL WORD NIE.		• TOELAATBAAR	• VERBODE	
		• GEEN REUKSTEURNIS MAG VOORKOM NIE. • ENIGE DIREKTE MENSLIKE KONTAK MET DIE SPROEI MOET SO VER PRAKTIES MAONTLIK VOORKOM WORD. • STAPPE MOET GEDOEN WORD OM TE VERSEKER DAT GEEN UITVLOEIWATER DIREK OF INDIREK VIR HUISHOUDELIKE DOELEINDES GEBRUIK WORD NIE. • HOERS VIR DIE VERVOER VAN UITVLOEIWATER MAG NIE DAARNA VIR DIE VERVOER VAN DRINKWATER GEBRUIK WORD VOORDAT DIT DOELTREFFEND SKOONGEMAAK EN ONTSMET IS NIE.				
ALGEMENE OPMERKINGS: DIT IS VERPLIGTEND DAT DIE NODIGE VOORSORGMAATREËLS MET ELK VAN BOGENOEMDE GEBRUIKE GETREF WORD TEN EINDE DIE GEBRUIK VAN BEHANDELDE UITVLOEIWATER VIR DRINK- OF HUISHOUDELIKE DOELEINDES TE VOORKOM. VOORTS IS DIT VERPLIGTEND DAT DIE MATERIAAL EN/OF DIE KLEUR VAN DIE UITVLOEIWATERPYP VAN SO 'N AARD IS DAT DIT NIE PER ABUIS AAN DRINKWATERPYPE GEKOPPEL WORD NIE. SIEN OOK (b) ONDER DIE OPSKRIF "BESPROEING--ALGEMENE OPMERKINGS EN VOORSORGMAATREËLS" HIER BO.						

METODES VIR DIE WEGDOENING MET EN AFVOER VAN BEHANDELDE UITVLOEIWATER					D
METODES VIR WEGDOENING MET EN AFVOER VAN UITVLOEIWATER	PS-PRIMÊR EN SEKONDÊR	PST-PRIMÊR, SEKONDÊR EN TERSIER	STD-ALGEMENE STANDAARD	SP-STD-GEVORDERDE SUIWERING	OD-OKSIDASIE-DAMSTELSE
1) AFVOER IN RIVIERE EN WATERLOPE, WAT RIVIER-MONDINGE, DAMME EN STRANDMERE UITSLUIT-SIEN NR. 2	• VERBODE	<ul style="list-style-type: none"> • TOELAATBAAR OP MERIETE, MET INAGNEMING VAN PLAASLIKE OMSTANDIGHED, SOOS DIE VERDUNNINGS-FAKTOR IN DIE RIVIER OF STROOM, REENVAL, ENS. • DIE TOELAATBAARHEID VAN AFVOER MOET BEPAAL WORD MET INAGNEMING VAN DIE GEBRUIK VAN DIE RIVIERWATER LAER AF. • DIE AFVOERPUNT MOET BEPAAL WORD MET INAGNEMING VAN DIE POSISIE VAN DIE WATERONTTREK-KINGSPUNT(E) VIR HUISHOUDELIKE DOELEINDES LAER AF LANGS DIE RIVIER. • DIE UITVLOEIWATER MAG NIE ENIGE SKADELIKE STOWWE BEVAT IN KONSENTRASIES WAT 'N GESONDHEIDS-GEVAAR INHOU NIE. 	• TOELAATBAAR, MITS DIE UITVLOEIWATER GEEN SKADELIKE STOWWE BEVAT IN KONSENTRASIES WAT 'N GESONDHEIDS-GEVAAR INHOU NIE.	• VERBODE	• VERBODE
2) AFVOER IN RIVIERMONDINGE DAMME, MERE, STRANDMERE OF ANDER WATER (WAT DIE SEE UITSLUIT-SIEN NR. 3)	• VERBODE	<ul style="list-style-type: none"> • TOELAATBAAR OP MERIETE INDIEN DIE REDELIKE VERSEKERING BESTAAN DAT DIE GEHALTE EN VOLUME SODANIG IS DAT DIT NIE STEURNISSE OF GESONDHEIDS-GEVARE SAL VEROORSAAK NIE. • VERMENGING MET DIE UITVLOEIWATER MAG NIE DIE WATER MINDER GESKIK VIR HUISHOUDELIKE GEBRUIK EN/OF ONTSPANNING MAAK NIE. • DIE UITVLOEIWATER MAG NIE ENIGE SKADELIKE STOWWE BEVAT IN KONSENTRASIES WAT 'N GESONDHEIDS-GEVAAR INHOU NIE. 	• TOELAATBAAR, MITS DIE UITVLOEIWATER GEEN SKADELIKE STOWWE BEVAT IN KONSENTRASIES WAT 'N GESONDHEIDS-GEVAAR INHOU NIE.	• TOELAATBAAR	VERBODE

METODES VIR WEGDOENING MET EN AFVOER VAN UITVLOEIWATER	PS-PRIMÊR EN SEKONDÊR	PST-PRIMÊR, SEKONDÊR EN TERSIER	STD-ALGEMENE STANDAARD	SP-STD-GEVORDERDE SUIWERING	OD-OKSIDASIE-DAMSTELSEL
3) AFVOER IN DIE SEE	<ul style="list-style-type: none"> • SLEGS TOELAATBAAR BUITE DIE STRANDSONE. • DIE AFVOERPUNT MOET BEPAAL WORD MET INAGNEMING VAN DIE GEHALTE EN VOLUME UITVLOEIWATER, DIE SEESTROME, DIE VERSPREIDING EN VERDUNNING VAN UITVLOEIWATER, EN DIE NABYHEID VAN HUIDIGE EN TOEKOMSTIGE SWEMGEBIEDE. 		<ul style="list-style-type: none"> • TOELAATBAAR • AFVOER IN STRANDSONE MOET BEPAAL WORD MET INAGNEMING VAN DIE NABYHEID VAN HUIDIGE EN TOEKOMSTIGE SWEMGEBIEDE, EN DIE UITWERKING VAN DIE SEEWATER-GEHALTE OP SODANIGE GEBIEDE. 	<ul style="list-style-type: none"> • TOELAATBAAR 	<ul style="list-style-type: none"> • TOELAATBAAR OP MERIETE SOOS VIR PS EN PST
	<ul style="list-style-type: none"> • GEEN KUSGEBIED MAG MET UITVLOEIWATER BESOEDEL WORD WAT STOWWE BEVAT WAT 'N MOONTLIKE GESONDHEIDSGEVAAR INHOU NIE. • DIE AFVOER VAN UITVLOEIWATER MAG NIE ENIGE STEURNIS VEROORSAAK, OF ENIGE UITWERKING OP DIE SEELEWE HE WAT DIE MENS HETSY REGSTREEKS OF NIEREGSTREEKS KAN BENADEEL NIE. 				
<p>IN DIE MEESTE GEVALLE KAN DIE INVLOED VAN BOGENOEMDE AFVOER NIE DIREK VOORSPEL WORD NIE. DIT IS DAAROM GEWOONLIK RAADSAAM OM DIE NODIGE ONDERSOEKE TE DOEN OM SODANIGE INVLOED MET REDELIKE SEKERHEID TE BEPAAL.</p>					

ALGEMENE DIREKTIEWE EN VOORSORGMAATREËLS		E
<p>(a) Die rioolsuiweringsaanlegte moet te alle tye doeltreffend deur behoorlik opgeleide personeel bedryf word, en moet so ver prakties moontlik nie oorlaai word nie.</p> <p>(b) Die persone of owerhede in beheer van die suiweringsaanlegte moet hulle te alle tye ooreenkomstig die direktiewe in hierdie gids van die gehalte van die eindpunt-uitvloeiwatervergewis.</p> <p>(c) Gereelde kontroletoetse van verteenwoordigende eindpunt-uitvloeiwatemonsters moet minstens kwartaaliks gedoen word, en die resultate daarvan moet geboekstaaf word.</p> <p>(d) Die persone of owerhede in beheer van die aanlegte moet verseker dat die gehalte van die eindpunt-uitvloeiwatervergewis en die gebruik daarvan aan die direktiewe in hierdie gids voldoen—ook wanneer sodanige uitvloeiwatervergewis deur 'n ander persoon of liggaam gebruik word. Die verskaffing en gebruik van uitvloeiwatervergewis moet gestaak word indien daar nie aan die direktiewe in hierdie gids voldoen word nie.</p>	<p>(e) 'n Persoon of liggaam wat die eindpunt-uitvloeiwatervergewis vir 'n doel gebruik soos in hierdie gids neergelê, maar nie die suiwing daarvan self behartig nie, moet hom/haar daarvan vergewis dat slegs toelaatbare gebruikspraktyke gehandhaaf word, en moet voorts die gebruik daarvan staak indien hy/sy van enige afwyking van die direktiewe in hierdie gids bewus word.</p> <p>(f) Nakoming van die vereistes in hierdie gids vir die gebruik van gesuiwerde rioolwater is die individuele en gesamentlike verantwoordelikheid van sowel die verskaffer as die gebruiker van die eindpunt-uitvloeiwatervergewis.</p> <p>(g) Gebruik en gebruiksmetodes wat in hierdie gids as “toelaatbaar op meriete” aangedui word, moet behoorlik gemotiveer en ondersoek word. Die meeste sodanige gevalle verg streng toetsing en streng beheer oor die stelsel en die uitvloeiwatervergewis ten einde te voorkom dat enige steurnis of gesondheidsgevaar ontstaan.</p>	

CONTENTS—(Continued)

	Page
City of Cape Town: (Khayelitsha/Mitchells Plain): Rezoning, departures and approval of site development plan	1211
City of Cape Town: (Northern District): Rezoning and subdivision	1212
City of Cape Town: (Northern District): Proposed for less formal township establishment.....	1213
City of Cape Town: (Southern District): Rezoning and Departures	1214
City of Cape Town: (Table Bay District): Rezoning and subdivision	1215
City of Cape Town: (Tygerberg Region): Rezoning and departures	1216
City of Cape Town: (Tygerberg Region): Rezoning, subdivision and consent use	1217
City of Cape Town: (Tygerberg Region): Rezoning and regulations departures	1218
City of Cape Town: (Tygerberg Region): Rezoning and regulations departures	1218
City of Cape Town: Air Quality Management By-Law	1225
City of Cape Town: Treated Effluent By-Law	1267
George Municipality: Proposed rectification of a contravention ..	1219
Hessequa Municipality: Subdivision	1219
Hessequa Municipality: Rezoning	1220
Hessequa Municipality: Consent Use	1225
Hessequa Municipality: Subdivision	1220
Knysna Municipality: Rezoning and Departure.....	1221
Langeberg Municipality: Subdivision and consolidation	1222
Langeberg Municipality: Rezoning and consent use.....	1212
Mossel Bay Municipality: Rezoning	1222
Overstrand Municipality: Rezoning and consent use	1223
Swartland Municipality: Confirmation of zoning	1223
Swellendam Municipality: Subdivision.....	1224
Swellendam Municipality: Subdivision.....	1224
Swellendam Municipality: Departure	1224
Western Cape Department of Health: General notice	1265

INHOUD—(Vervolg)

	Bladsy
Stad Kaapstad: (Khayelitsha/Mitchells Plain): Hersonerig, afwykings en goedkeuring van die terreinontwikkelingsplan ..	1211
Stad Kaapstad: (Noordelike Distrik): Hersonerig en onderverdeling	1212
Stad Kaapstad: (Noordelike Distrik): Voorgestelde minder formele dorpsstigting	1213
Stad Kaapstad: (Suidelike Distrik): Hersonerig en afwykings.....	1214
Stad Kaapstad: (Tafelbaai Distrik): Hersonerig en onderverdeling	1215
Stad Kaapstad: (Tygerberg Distrik): Hersonerig en onderverdeling	1216
Stad Kaapstad: (Tygerberg Distrik): Hersonerig, onderverdeling en vergunningsgebruik.....	1217
Stad Kaapstad: (Tygerberg Distrik): Hersonerig en regulasie afwykings.....	1218
Stad Kaapstad: (Tygerberg Distrik): Hersonerig en regulasie afwykings.....	1218
Stad Kaapstad: Verordening op Luggehaltebestuur	1238
Stad Kaapstad: Verordening op Behandelde Uitvloeiwatervat	1282
George Munisipaliteit: Regstelling van 'n strydigheid	1219
Hessequa Munisipaliteit: Onderverdeling.....	1219
Hessequa Munisipaliteit: Hersonerig	1220
Hessequa Munisipaliteit: Vergunningsgebruik	1225
Hessequa Munisipaliteit: Onderverdeling.....	1220
Knysna Munisipaliteit: Hersonerig en Afwyking.....	1221
Langeberg Munisipaliteit: Onderverdeling en konsolidasie	1222
Langeberg Munisipaliteit: Hersonerig	1212
Mosselbaai Munisipaliteit: Hersonerig	1222
Overstrand Munisipaliteit: Hersonerig en vergunningsgebruik ..	1223
Swartland Munisipaliteit: Bevestiging van sonering	1223
Swellendam Munisipaliteit: Onderverdeling	1224
Swellendam Munisipaliteit: Onderverdeling	1224
Swellendam Munisipaliteit: Afwyking	1224
Wes-Kaapse Departement van Gesondheid: Algemene kennisgewing	1266